
# HOEKOM WAG !

Deel 2

# Die genesing op die sabbatdag by Betesda

**Johannes 5:1 ANV**

Hierna was daar weer 'n fees van die Jode, en
Jesus het daarvoor Jerusalem toe gegaan.

**Johannes 5:2**

By die Skaappoort in Jerusalem was daar 'n bad
met die Hebreeuse naam Betesda.
Dit het vyf pilaargange gehad,

**Johannes 5:3**

waar daar baie gestremdes gelê het:
blindes, kreupeles en lammes
wat op die roering van die water **gewag** het.

## Johannes 5:5

Onder hulle was daar 'n sekere man wat al
ag en dertig jaar lank siek was.

## Johannes 5:6

Jesus het hom sien lê en het geweet dat hy al baie lank siek was.
Toe vra Hy vir hom:

**"Wil jy gesond word?"**

## Johannes 5:7

Die sieke het Hom geantwoord: "Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie; en terwyl ek **aansukkel,** gaan iemand anders voor my in."

## Johannes 5:8

Jesus sê toe vir hom:
"Staan op, tel jou goed op en loop."

"Pick up your **mat** and walk!" CEV Bible

## Johannes 5:9

Oombliklik het die man gesond geword,
sy goed opgetel en geloop.

**Dit was 'n sabbatdag.**



## Opsomming van deel 1

**Dit gaan oor mense wat**

# WAG en WAG en WAG..!



**Johannes 5:3**

**Die Bybel sê..**

**waar daar baie gestremdes gelê het:**
**blindes, kreupeles en lammes**
**wat op die roering van die water**
**GEWAG het.**

**Johannes 5:5**

Onder hulle was daar 'n sekere man wat al **ag en dertig jaar** lank siek was.



Jesus vra hom:

**Johannes 5:6 (b)**

***"Wil jy gesond word?"***

Die man het seker gewonder hoekom hierdie Meneer hom so vraag vra:

Ek self was verbaas oor Jesus se vraag aan die kreupel man.

Hoor wat sê die man vir Jesus in :

**Johannes 5:7 (c)**

...terwyl ek aansukkel...


# M.A.W DIE MAN KON BEWEEG:



**Johannes 5:5** sê

Hy was al **38** jaar daar.

?



Ek glo Jesus het die vraag gevra omdat Hy **verbaas** was om die man daar te sien:

Jesus was **verbaas** dat die man daar gelê en **gewag** het dat iets "magical" met hom moet gebeur terwyl hy **self** die skuif kon maak.

**JESUS VRA ONS DIESELFDE VRAAG VANDAG:**

**"Wil jy gesond word?"**

...van daardie gewoonte sonde en geestelike armoede.
...van daardie verslawing.
...van daardie generasie tradisie vloek op jou lewe..

**Doen iets...beweeg net...**

# ONS KAN BEWEEG MAAR.....

Ons is **lam** in term van ons sit vasgevang op **een plek** vir so lankal--
-dat ons **verlam** geword het om iets aan ons
***bejammerenswaardige*** toestand te doen.

Vir wat
**wag** jy ?





Vir wie
**wag** jy?



Jesus wonder hoekom **wag** ons vir Hom
om ons ***probleme*** op te los.
As Hy dit reeds ***2000 jaar*** gelede gedoen het.

Om rond te hang en te **wag** sal nie die probleem oplos nie:



Hoe lank **wag** jy nou al.. (10) – (40) – (6) of dalk ook (38)  jaar!

# JESUS SÊ:

Jy hoef nie by die bad van wanhoop te sit en **wag** as jy die potensiaal **in jou** het om **alle dinge** te oorkom nie:

**Filippense 4:13 AOV**

**Ek is tot ...alles... in staat deur**

# Christus

**wat my ...krag... gee.**

**Deel 2**

## Let daarop:

**Jesus het die man uitgesonder tussen die skare en met hom alleen gepraat.**

**Jesus het *nie* met die hele groep gepraat nie en Hy het ook *nie* die hele groep genees nie.**

**Jesus praat altyd met 1 mens op 'n slag.**



**Dit is daardie persoonlike vraag van Jesus aan jou vandag:**

**"Wil jy gesond word?"**

**Te veel mense kruip weg tussen ‘n groep mense en sê:**

**Ek is nie die ENIGSTE een in hierdie SITUASIE nie:**
**OF**
**Ek is darm beter af as die meeste mense hier:**

**Jesus vra jou direk:**



**“Wil jy gesond word?”**

**EK GLO JESUS PRAAT PERSOONLIK MET JOU VANDAG:**

Hoor wat sê die kreupel man vir Jesus:

**Johannes 5:7 (b)**

"Meneer, **ek het niemand** om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie...






Vandag nog is hierdie is 'n groot probleem tussen mense:

Ons leef ver onder die potensiaal wat in ons is en ons **wag** vir mense om vir ons borgtog te reel.

Baie **wag** vir 'n vriend of 'n broer wat verbind is aan een of ander iets om 'n hand van hulp aan te bied.





Baie **wag** vir ander mense om 'n hand van hulp na hulle toe uit te steek en hulle vorentoe te lei ..

**terwyl hulle dit net sowel self kan doen.**

Hoor wat sê die man vir die meneer...(Jesus)

**Johannes 5:7 (c)**

en terwyl ek .. **aansukkel..** gaan.. **iemand** ..anders ..voor.. my in."





Hy is gereed om ander mense te blameer vir sy onvermoë om in die water te kom.

A.g.v van sy middelmatigheid is hy gereed om ander mense te blameer vir hulle aktiwiteite.

Hy is gereed om die aandag op ander mense se aggressie te fokus om sodoende sy eie luiheid weg te steek.

Baie van ons doen nie naastenby so goed soos wat ons veronderstel is om te doen nie: **(En die rede is)**

Ons **blameer ander mense** vir ons ***swak*** gebrek aan vordering.

Dit is net te maklik en gerieflik om ***ander*** te blameer oor ons ***eie*** probleme.

**Wie blameer jy vandag?**



Wat sal jou verskoning wees as Jesus nou vir jou vra:

**"Wil jy gesond word?"**

As Jesus nou by jou navraag doen oor vordering met God en die lewe..

Wat sal jou antwoord wees?

**Blameer jy:**

Jou familie: Jou werk: Jou land: Jou regering: Jou kerk:

**Wie blameer jy vandag?**

# En nou Jesus se reaksie:

**Johannes 5:8 (b)**

**"Staan op, tel jou goed op en loop." (Your mat) CEV Bible..**




## Jesus

**Hy bid nie vir hom nie:**

**Hy praat nie in tale nie:**

**Hy gee die man geen beginsels oor die daaglikse dinge van die lewe nie.**

**Hy gee die man nie geld nie:**

# Jesus praat met die potensiaal in hom:



**Johannes 5:8 (b)**
tel jou goed (jou mat) op en loop.”

Jesus praat met die **krag** wat dormant in die man gelê het:
Jesus praat met die **vermoë** in die man..
wat die man self nie geweet het hy in sy besit het nie:
Jesus maak die man bewus van hierdie ontsagwekkende **vermoë** in hom:
Jesus het hom net eenvoudig gevra om **self** sy **mat** op te tel:
Jesus het nie iemand geroep om die man te help om die **mat** op te tel nie:
Jesus self het nie die **mat** vir hom **opgetel** nie:
Jesus het eenvoudig net vir hom gesê wat om te doen om gesond te word:

**En nou..!!**

**Johannes 5:9 (b)**

**Hy het sy goed (sy mat) opgetel en geloop.**

**Eintlik het Jesus nie die wonderwerk gedoen nie ...**
**Die man self het die stap geneem...**




**Jesus het reeds al die wonderwerke gedoen.**

**Hy wag nou vir ons..om ons deel te doen.**

## Matthew 16:19 CEV

I will give you the **keys** to the **kingdom** of heaven,

**1 Korinthiërs 4:20 AOV**

...die **koninkryk..** is nie **woorde** nie...maar ....**KRAG..**

**Lukas 17:21 AOV**

...die **koninkryk** van God is **binne-in julle**

Wat Jesus vir ons sê is:

**Matthéüs 6:33 AOV**

As jy my (koninkryk) my **krag** ...soek...sal al hierdie dinge vir julle bygevoeg word.

Ek sal in die Hemel doen wat **jy wil hê**

Ek moet **vir jou** doen.

Ek sal niks toelaat **wat jy nie** toelaat nie.

and God in heaven will **allow** whatever you **allow** on earth.

But he will not **allow** anything that you don't **allow**.

**God wag vir ons om hierdie wonderwerkende KRAG te demonstreer**

**..DEUR ONS MAT OP TE TEL EN TE LOOP...**

# “WAT IS JOU MAT”

**John 5:8 (CEV)**

Jesus told him,

"Pick up your **mat** and walk!"

Die **mat** is dit wat ook al jou gemak zone is.

Die **mat** is dit wat jou huidige slegte situasie vir jou gemaklik maak.

Die **mat** is die wat jy gebruik as ‘n verskoning om nie in oorwinning te leef nie.

Die **mat** is dit wat jou vas ketting sodat jy ‘n middelmatige lewe leef..

Jesus sê vir iemand hier :

**“Tel jou mat op en loop”**

**Jy het meer in jou as wat jy besef.**

**Einde..**